# SIRKELFLITS

## KERSFEESUITGAWE 2023



## 'N GESEËNDE KERSFEES









'N WONDERLIKE 2024

# KERS— EN NUWEJAARSWENSE

**Desember** is daardie tyd van die jaar wat ons terugkyk na die jaar wat verby is en so bietjie **voorraadopname** maak van wat geleer is, waar was daar groei, hoe het ons verander om anders te dink en anders te reageer?

Dit is die maand waar ons die jaar afsluit deur geskenke vir mekaar te gee en daarmee saam sê hoeveel die ander persoon vir jou beteken. Elke geskenk van vreugde gee 'n geskenk terug van vreugde. Ons gee met liefde en terselfdertyd ontvang ons liefde. **MAGIC!!**

Ek kyk met **BLYDSKAP** terug na die jaar wat verby is. Daar is soveel hoogtepunte waarvan elke maand se temas wat aangepak is, bygedra het tot 'n verdieping in my geestelike lewe. Nuwe vriendskappe is gevorm en so het daar meer blomme bygekom in my tuin. Dit was ook die jaar waarin ek 60 geword het en met dit 'n nuwe waardering hoe kosbaar elke dag is. Hoe 'n voorreg dit is om gesond te wees en steeds met ywer die beste te kan gee wat ek is.

Daarom loop my hart oor van **dankbaarheid en waardering** vir elkeen wat die laaste vier seisoene my lewe verryk het — vir elkeen wat op sy/haar eie manier 'n bydrae maak om Neo-Spektrum te laat vrug dra. Veral die laaste paar maande is ons bywoning Sondae 'n refleksie van almal wat hulself deel voel van hierdie intellektuele, emosionele, en bowenal spirituele transformasie.

Dankie ook aan elkeen wat **finansieel bydra** om ons in staat te stel om te doen wat ons geroep is om te doen. Dit help met ons betrokkenheid by Attie van Wyk en MES, maar ook om ons Spirituele Gemeenskap met sorg te bedien.

Dankie aan ons **Leierspan** wat met die beplanning, leiding, organisering, en kontrole van Neo-Spektrum help met die stuur van ons skip en om seker te maak die wind vang ons seile.

**Mag dit vir jou en jou gesin 'n baie geseënde Kersseisoen wees en natuurlik 'n wonderlike 2024 wat ook om die draai vir ons wag!.**

Met liefde
Soos altyd

Terblanche









## TRADISIONEEL VIR DIE CHRISTEN -WÊRELD: 24 & 25 DESEMBER JESUS SE GEBOORTE

Chrisna Smuts



"En daar was skaapwagters in dieselfde landstreek wat in die nag hulle skape opgepas het..." Met **kersliedere en hierdie verhaal van Jesus se geboorte** begin die vieringe op Oukersaand met geskenke en feestelike ete en op Kersdag word die fees voortgesit, dikwels met groot oordadigheid.

Hierdie feestyd behoort gevolg te word met die **viering van Jesus se lewe dwarsdeur die jaar**, sy lewe wat vir alle mense 'n voorbeeld is. In die drie jaar wat Jesus onder die mense gewerk het, het hy met deernis uitgereik, hulle gesond gemaak, vertroos, aandag gegee aan juis hulle wat verwerp is en eenkant toe geskuif is, veral na daardie mense wat nie deur die kerklike en politieke elite gereken is nie. Jesus was dankbaar, nederig en goedhartig. Wanneer die skare volgelinge honger en moeg was, het hy dit raakgesien. Die woorde in die evangelie **"...en hy het hulle innig jammer gekry..."** is aangrypend.

Dit is mos die helderste voorbeeld vir hoe ons altyd moet leef, en ja, juis die talle mense rondom ons moet raaksien wat ons aandag en deernis nodig het; ons vriendelike gesigte en woorde. Hoekom? Ons het so baie gawes (geskenke) gekry: Ons woon in 'n pragtige omgewing waar mense vir mekaar omgee, ons het elke dag genoeg om te eet en leef beskut en veilig. Vir **al hierdie gawes moet ons in dankbaarheid uitreik** na hulle daar eenkant, soos Jesus gedoen het.



Dit wys **Jesus se lewe** vir ons.

## B E D A N K I N G S

**'N BAIE GROOT DANKIE AAN DIE SOMERFEESKOMITEE WAT MY GEHELP HET MET AL DIE REËLINGS:**

**Alma Loubser,**
**Theuns Moolman**
**Johan Muller**
**Lourita Baird**

## DANK AAN ANDER HELPERS

**GELUKKIGE TREKKING: KAARTJIES**
**Nico & Treska Botha**
**Richard & Larél Harding**
**ONTWERP PLEKNAME;**
**Almarie Fourie**
**AFSLAER:**
**Terblanche Jordaan**
**OPTEKEN VAN VERKOPE:**
**Johan & Cecilia Muller**
**Nico Botha & Lydia le Roux**

**DURBANVILLE HILLS & THE TANGRAM**
**FUNKSIES: Hanlie Campher & Aidan Samuels**
**BESTUUR: Dirk Steyn & Naudette Peachy**
**HOOFSJEF: Tamzin Ehlers**
**AL DIE KELNERS**

**Edward Smuts**

## P I E T V A N W Y K PHOTOGRAPHY

076 054 0154
darkroom62@gmail.com

Weddings
Corporate
Portraiture
Food
Personal
Events



**DANKIE PIET VIR AL DIE PRAGTIGE SOMERFEES-FOTO'S**



# SOMERFEES & VEILING
# 11 NOVEMBER 2023












# SOMERFEES IN VOLLE SWANG















**DIE SOMERFEES & VEILING WAS WEER 'N REUSESUKSES**

'n Rekordgetal van 74 persone het die funksie bygewoon.

Die suskses het reeds begin toe daar in waarde R 63 000 se wyn en kuswerke deur 8 Durbanville-plase asook 19 egpare/ individue geskenk is.

Die wins van hierdie funksie beloop R 166 961; dit word natuurlik weer in die Durbanville landelike gemeenskap teruggeploeg.

Dit help Neo-Spektrum om die salarisse van 'n leerkrag, 'n klashulp en 'n sportfasiliteerder by PS Attie van Wyk te betaal.

Daarbenewens betaal NS ook die skooluitgawes van 4 beurshouers.

Twee is leerders aan Durbanville HS, een by Scotsville SS en die ander leerder by Aquila HS.

Elkeen van die foto's vertel hulle eie storie oor die betrokkenheid van die gaste by die Veiling.








Bo links & regs: Tienie Louw gee meer besonderhede oor die Diemersdal wyne op die veiling terwyl Johan Muller dit vertoon.

Onder: 'n Kunswerk van Leslie Albertyn haal 'n rekordprys van R4 500.00



Bo: Die **MYSTERY BOX** se skepper, Joanita Louw, en die koper daarvan, Alma Loubser, bewonder die inhoud.





Links: Andre Cilliers & Annelize vd Linde, Voorsitter van Neo-Spektrum se Uitvoerende Komitee, hou die Veiling noukeurig dop!

# S O M E R F E E S & V E I L I N G

## SKENKINGS VANAF SIRKELVRIENDE

**Ilse Ackerman**
**Barry & Annemarie vd Merwe**
**Theuns & Hester Moolman**
**Tienie & Juanita Louw**
**Janus & Yvonne Pretzler**
**Johan & Marianna Rademan**
**Lindey van Rensburg**
**Retief & Marie Gauche**
**Edward & Chrisna Smuts**
**Marlene le Roux**
**Wouter Basson**
**Herman Pretorius**
**Sam & Sandy Fourie**
**Bernita Faurie**
**Karin De Villiers**
**Andrew Engelbrecht**

## SKENKINGS DEUR WYNPLASE

**Altydgedacht**
**De Grendel**
**Diemersdal**
**Durbanville Hills**
**Groot Phesantekraal**
**Klein Roosboom**
**Maastricht**
**Signal Gun**

## Neo-Spektrum Jaarprogram 2024

| DATUM | PROJEK | INLIGTING |
|---|---|---|
| Deurlopend | ***Wysheidsirkel*** | Elke Sondag 10:00 |
| Deurlopend | ***Boekbesprekings*** | 1ste Maandag van die maand<br>19:00 - Jacquesingel 9, Uitzig, Dville |
| Deurlopend | Gespreksgroepe | 2 Weekliks<br>Donderdae -Durbanville 19:30<br>Maandag-Stad 19:30 |
| **Skoolkwartaal** | **17 Januarie - 20 Maart** | **(01/01 Nuwejaar; 21/03 Menseregtedag)** |
| 24-Jan | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **Skoolkwartaal** | **3 April - 14 Junie (29/3 Goeie V; 1/4 Fam.; 27/4 Vryh.; 1/5 Werkers; 16 & 17/6 Jeug)** | |
| 14-Apr | ***Gewone Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| 8 Mei | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 11 Mei | ***Werkswinkel: Geskiedenis van die Bybel Ou Testament*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied<br>09:00 - 13:00 by Kolping |
| 18 Mei | ***Werkswinkel: Geskiedenis van die Bybel Nuwe Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| Junie/Julie | ***Winterhoopprojek*** | MES |
| **Skoolkwartaal** | **9 Julie - 20 September (9/8 Vrouedag; 24/9 Erfenisdag)** | |
| 28-Jul | ***Sosiale Funksie*** | Nog in beplanning |
| 2-Aug | ***MES: Vrouedagete*** | Bellville |
| 18-Sep | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **Skoolkwartaal** | **1 Oktober - 11 Desember (16/12 Versoen; 25/12 Kersfees; 26/12 Welwillenheid)** | |
| 27-Oct | **UK -Jaareindfunksie** | 12:00 - 15:00 |
| 6-Nov | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 9-Nov | **Somerfees** | Lekker samesyn |
| 1-Dec | ***Algemene Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |

